Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV)

Bulletin 2A

2015\1

Swaarrasse

Soos wat die beskrywing aantoon, is hierdie rasse aansienlik groter en swaarder as die res van die ander duiwerasse. Elke ras het sy afsonderlike kenmerke en word daarvolgens beoordeel. Rasse in hierdie groep is redelik gewild in Suid Afrika en word dus regoor die land aangetref en ten spyte van hulle grootte, teel hulle redelik goed.

Gros Mondain



Die Gros Mondain moet groot, kort, breed, rond en diep wees met 'n wakker houding. Los vere (broek), om die indruk van diepte te skep is toelaatbaar, maar moet nie die ronding van die duif nadelig beinvloed nie. Die massa van die duif moet 1000gram en meer wees. Die bene is kort, stewig en reguit met 'n redelike wye plasing. Die kop moet klein in verhouding met die lyf wees. Die lyf moet breed oor die rug wees wat kort vertoon en wigvormig afspits na die romp. Die lyf moet diep en breed wees en moet horisontaal gedra word.

Runt



Die Runt is 'n baie groot en lang duif wat minstens 1000 gram weeg en die lyf moet byna horisontaal gedra word. Die kop vertoon konveks in vorm, met die hoogste punt net voor die oog. Die nek is van middelmatig lengte en dik. Die rug is wyd oor die skouers, plat en lank, maar moet nie hol wees nie. Die vlerke rus op die stert sonder om te kruis. Die vlerkspan is tussen 950-1200mm, die stert is 190-210 mm lank en 80-100mm wyd. Die stert word 60mm vanaf die grond gedra.

American Giant Runt



Die lyf is lank, diep en besonder vol, baie breed by die skouers en taamlik wyd. Die bors is baie vol en breed. Die duiwe moet so groot en swaar as moontlik wees. Die rug is lank en breed by die skouers en wigvormig wanneer van bo gesien. Die ovaalvormige kop is groot en breed wat sterkte aandui.
Die agterkop moet goed ontwikkel wees om 'n lang kop-konstruksie te vorm.
Die bek moet breed, sterk en van medium lengte wees.
Die nek is middelmatig in lengte, vry van keelvel, breed en vol by die bors aanhegting.

King



Die King is kort, breed, ferm met goeie diepte en ronding. Die bors is prominent, breed en mooi gerond. Die King is 300mm hoog, die bors is 140mm breed en die duif is 240mm in lengte vanaf die punt van die stert tot by die borspunt. Die nek is matig, stewig en dik om te balanseer met die breë en ronde lyf. Die bene is stewig, reguit en is in lyn met die bene is stewig, reguit en is in lyn met die agterkant van die nek. Die bene is 66mm lank en 73mm uitmekaar.
Volwasse Kings weeg 850-1049gram en jongduiwe 794-964gram.

King: Voor- & Bo aansig



Hoogte - 300mm
Wydte - 140mm



Lengte - 240mm

American Giant Runt: Voor- & Bo aansig





---

www.safpa.za.org

SA Swaarras Klub

President: Frik Schoeman
083 7083945

Sekretaris: Petra vd Berg
082 776 1378
pvdberg@absamail.co.za